# OosieNUUS

ONS OOSIE WÊRELD

**20/2025** **5 Junie 2025**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Ons waardeer dit opreg dat julle gehoor gegee het aan ons versoek om die rugbywedstryde teen Hoërskool Zwartkop, die afgelope naweek te kom ondersteun. U aanmoediging by oefeninge en wedstryde maak ’n groot verskil in die kinders se motivering en spelvreugde.

Ons vra egter vriendelik dat ouers nie tydens of na wedstryde en oefeninge kommentaar lewer oor die afrigter/skeidsregter of enige van die spelers nie. Hierdie tipe kommentaar kan vir beide spelers en afrigters intimiderend wees en ’n ongemaklike atmosfeer skep wat nie bevorderlik is vir spanbou en ontwikkeling nie.

Verder wil ons u bewus maak daarvan dat, wanneer ouers namens kinders optree of kla oor spanplasings, dit die boodskap uitdra dat kinders nie self verantwoordelik hoef te wees vir hul plek in die span nie. Een van die belangrikste lewenslesse wat sport ons leer, is om vir ons plek te werk en om teleurstellings op 'n gesonde manier te hanteer. Ons wil hê elke speler moet leer om selfvertroue te ontwikkel en verantwoordelikheid vir hul eie groei te neem.

Kom ons werk asseblief saam om ‘n positiewe en ondersteunende atmosfeer vir al ons spelers by al ons sportaktiwiteite te skep.

Vriendelike groete

Me S Theron
HOOF

## BELANGRIKE DATUMS EN KONTAKBESONDERHEDE

Die 2025 voorlopige dagboek aktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar en op die skool se webwerf.

**BELANGRIKE DATUMS**

- 5 Junie : Finansies kantoor gesluit vanaf 10:00 (funksie)
- 20 Junie : Afrikaans Taalvraestel (Graad 8 tot 12)
  Kaskar / Warm Hartklop-kuierfees
- 23 tot 27 Junie : Normale skooldae (verpligte akademiese week)
- 27 Junie : Skool sluit
- 30 Junie tot 11 Julie : Graad 12 Winterskool (verpligtend)
- 1, 8, of 10 Julie : Graad 10: Gasvryheidstudie winterskool 2025

**Kontakbesonderhede van bestuur en graadvoogde** is op die skool se webwerf beskikbaar.

## LIEF EN LEED

Met diep hartseer en opregte meegevoel dink ons aan Nicole Singh in graad 9 en haar familie. Sy het haar broer in ‘n motorongeluk verloor. Ons wil graag ons innige simpatie en ondersteuning aan die Singh-familie betuig in hierdie moeilike tyd. Mag julle troos vind in die liefde van vriende, familie en die herinneringe aan 'n geliefde broer. Ons dra julle op in ons gebede en gedagtes.

## PERSONEEL



Ons verwelkom graag vir mnr R Desmore by ons Oosie span. Hy sal Wiskunde Geletterdheid vir Graad 10 en 11 aanbied en Wiskunde Vaardighede vir Graad 8 en 9.

Ons is opgewonde om jou by ons te hê en sien uit daarna om saam met jou te werk. Mag jy gou tuis voel en ’n waardevolle deel van ons span word. Sterkte met die nuwe begin!

## AKADEMIE

### Wolkskool

**Wat is die wolkskool?**

Die Wolkskool is 'n gevorderde aanlyn leerplatform, ontwikkel deur die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS), en is sedert September 2021 beskikbaar aan al ons leerders by die skool.

Die platform bied:

- 🎥 Video lesse
- 📄 Werkkaarte
- 📝 Assesserings

Al die inhoud is deur **ervare en gekwalifiseerde onderwysers** ontwikkel, en is volledig in **Afrikaans** beskikbaar.

🔹 **Belangrik:** Die Wolkskool vervang nie die rol van ons onderwysers nie. Dit dien as 'n **aanvullende hulpmiddel**, veral vir leerders wat akademiese tyd verloor het of konsepte wil hersien.

---

### Belangrike kennisgewing van Wolkskool - 30 Mei 2025

Beste Wolkskoler

Ons wil jou graag inlig dat die Wolkskool-toepassing (App) op 30 Mei 2025 gestaak is. Maar moenie bekommerd wees nie — opwindende verbeteringe is aan die webwerf aangebring wat jou leerervaring verder sal verryk.

Die webweergawe gebruik net soveel data soos die app, en bied boonop meer voordele.

Ons verstaan dat jou kind se veiligheid en leerproses vir jou uiters belangrik is – dit is vir ons ook. Daarom het ons nie net dieselfde hoë sekuriteitstandaarde gehandhaaf nie, maar dit selfs verder versterk op die webblad. Julle kan met volle gemoedsrus weet dat ons stelsel voldoen aan streng databeskermingsmaatreëls en 'n veilige, kindervriendelike leeromgewing bly.

Waarom ons die app afskakel en oorgaan na die webwerf:

- ✅ Die webwerf bied meer funksionaliteite as die toepassing
- 📱 Dit is volledig *mobile friendly*, wat beteken jy kan dit maklik op enige toestel gebruik
- ⚙ Dit verseker 'n meer naatlose leerervaring sonder opdaterings of tegniese beperkings van die toepassing

Ons nooi jou uit om nou reeds oor te skakel na die webweergawe en sonder onderbreking aan te hou leer. Teken eenvoudig in met jou bestaande gebruikersnaam en wagwoord by:

☞ https://vraagbank.wolkskool.co.za/v2/teken-in

Volg hierdie eenvoudige stappe vir die beste ervaring op jou selfoon:

- Besoek https://vraagbank.wolkskool.co.za/v2/teken-in in jou selfoon se webblaaier
- Teken in met jou bestaande besonderhede
- Voeg Wolkskool by jou tuisskerm:
  - 📱 *iPhone/iOS:* Klik op die *Share icon* en kies *Add to Home Screen*
  - 📱 *Android:* Klik op die *Menu icon* en kies *Install App* of *Add to Home screen*

Hulp nodig?

Ons is hier om te help! Kontak ons gerus by wolkskool@skole.co.za met enige vrae of onsekerhede.

Dankie dat jy deel is van die Wolkskool-gemeenskap. Ons sien uit daarna om jou leer reis op die webweergawe voort te sit!

Vriendelike groete

Die Wolkskool-span

---

Rol van die Skool en Onderwysers

- Die skool betaal die volle koste vir elke leerder se registrasie.
- Onderwysers gebruik Die Wolkskool aktief in hul klaskamers om leemtes in kennis te identifiseer en daarop te fokus.
- Sommige van ons eie onderwysers dra by tot die inhoud op die platform.

---

**Voordele vir Leerders**

- Leerders kan **lesse herhaal** soveel keer as nodig.

- Werk teen hul **eie tempo**, op hul **eie tyd** en vanaf **enige plek**.
- Ouers ontvang **weeklikse vorderingsverslae per e-pos**, wat insig gee in hul kind se gebruik en prestasie.

---

**Koste en Data**

- 💰 **Geen ekstra koste vir ouers nie** – die skool dra die volle bedrag.
- 📱 Elke leerder ontvang **2 GB gratis data per maand**, slegs vir gebruik op Die Wolkskool.

---

**Registrasieproses**

Indien 'n leerder nog nie 'n profiel het nie, volg asseblief hierdie stappe:

- Besoek https://wolkskool.co.za/sluit-aan
- Kies **"Leerder"** as jou rol.
- Voltooi die leerder se:
  - **Naam en van**
  - **E-posadres** (**gebruik die leerder se skool-e-pos**)
  - **Wagwoord** (minstens 8 karakters, met ten minste 1 hoofletter, 1 spesiale karakter en 1 nommer)
- Klik op **"Skep rekening"**.
- Voltooi al besonderhede op die volgende skerm:
  - **Leerder se inligting**
  - **Ouer/voog se inligting**
  - **Kies graad**
- Vul asseblief die **korrekte ID-nommer** van die leerder in, soos dit op die geboortesertifikaat verskyn. (Hierdie ID-nommer word gebruik om die leerder met die skool te koppel.)

🎥 **Let wel:** Die video's wat in die klaskamer gebruik word, is te vinde onder:
**"Inhoud" > "Wiskunde vir die omgekeerde klaskamer"**

---

**Belangrik**

Leerders moet hul **eie e-posadres en wagwoord onthou**. Dit is nodig vir elke aanmelding op die platform.

---

Laat weet gerus indien u hulp benodig met registrasie of toegang. Saam bou ons aan sterker akademiese selfvertroue en sukses!

## Mei/Junie eksamen

Die eksamenrooster en die eksamenreëlings is op die skool se webwerf beskikbaar

**Graad 8 en 9**

- 2 Junie – eksamen begin en leerders is in hul wisselklasse soos onder uiteengesit.
- Meld soggens om **07:25 by die skool aan.**
- Eksamensessies se aanvang word bepaal deur die tydsbestuur van die betrokke vraestel wat op die dag geskryf word.
- Die voorafgaande tyd word aan studie spandeer en leerders moet hul studiemateriaal bring.
- Leerders verdaag om **11:00**.

| WISSELKLAS GRAAD 8 | LOKAAL |
|---|---|
| 8/1 | K47 |
| 8/2 | K46 |
| 8/3 | K45 |
| 8/4 | K14 |
| 8/5 | K15 |
| 8/6 | K16 |
| 8/7 | K17 |
| 8/8 | K18 |
| 8/9 | K19 |
| 8/10 | K20 |

| WISSELKLAS GRAAD 9 | LOKAAL |
|---|---|
| 9/1 | K67 |
| 9/2 | K68 |
| 9/3 | K69 |
| 9/4 | K71 |
| 9/5 | K72 |
| 9/6 | K73 |
| 9/7 | K74 |
| 9/8 | K75 |
| 9/9 | K76 |
| 9/10 | K77 |

**Graad 10 en 11**

- Leerders se sessietye is soos volg:
  - Sessie 1 : leerders meld om 07:25 aan.
  - Sessie 2 : leerders meld om 11:25 aan.
- Leerders tree by die volgende areas aan:
  - Graad 10 : Paviljoen langs die oostekant van die LO-saal
  - Graad 11 : Paviljoen by die Sportkantoor
- Leerders verdaag na afloop van hul vraestel.

**Graad 12**

- Leerders se sessietye is soos volg:
  - Sessie 1 : leerders meld om 08:00 aan.
  - Sessie 2 : leerders meld om 13:00 aan.
- Leerders tree by die volgende areas aan:
  - Graad 12 : Voor die saal
- Leerders verdaag na afloop van hul vraestel.

### Graad 8 tot 12: Afrikaanse taalvraestel – 20 Junie 2025

Hiermee herinner ons u vriendelik daaraan dat daar op **20 Junie** 'n **Afrikaanse vraestel geskryf** sal word. **Alle leerders van Graad 8 tot 12** sal aan hierdie assessering deelneem.

Let asseblief daarop dat daar **alternatiewe reëlings getref sal word vir die Graad 12-leerders wat Ekonomie skryf**.

### RTT/IT en Gasvryheid-/Verbruikerstudie – Jaarlikse fooie 2025

Ons herinner ouers graag aan bogenoemde vakke se eenmalige, jaarlikse fooi wat betaalbaar is. Dankie aan die ouers wat reeds betaal het. Uitstaande betalings moet asseblief so gou moontlik gedoen word.

| **Vak** | **Bedrag** |
|---|---|
| RTT/IT | R100 |
| Gasvryheid-/Verbruikerstudie | R200 |

### Graad 10: Gasvryheidstudie Winterskool 2025

Die doel van hierdie winterskool is om vir die leerders ekstra hulp en ondersteuning te bied wat nodig is om die vakinhoud ten volle te verstaan en hulle te leer hoe om vraestelle korrek te beantwoord, sodat hul eksamenvaardighede verbeter. Hulle kry die geleentheid om vrae te vra, konsepte te verduidelik en addisionele oefeninge te doen onder begeleiding van ons ervare onderwysers. Leerders kies EEN van die sessies wat aangebied word.

Datums : 1, 8 of 10 Julie
Registrasie en betaling : Registreer en betaal voor 7 Junie
Koste : R75

'n Skrywe met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en op die webwerf beskikbaar. Navrae kan gerig word aan me T Ferreira (t.ferreira@oos-moot.co.za).

### Graad 12 Winterskool

Die winterskool vind gedurende die Junie/Julie-vakansie plaas en is **verpligtend vir alle graad 12-leerders**. Die Winterskoolskrywe is reeds aan die leerders uitgegee en op die skool se webwerf beskikbaar.

## SOSIAAL

### Graad 11-bal

Ons herinner ouers dat die skool hierdie jaar 'n nuwe tradisie vestig, naamlik 'n formele Graad 11-bal.

Datum : 26 Julie
Plek : Hoërskool Oos-Moot skoolsaal
Tyd : 17:30 vir 18:00 tot 22:00
Kleredrag : Formeel (soos vir Valentynsbal)

'n Formele skrywe, met volledige inligting is aan die leerders uitgegee en is op die webwerf beskikbaar.

## SPORT

In die nuusbrief sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van 'n sportsoort uitgelig word. Bepalings, oefentye, programme en uitslae van die onderskeie sportsoorte sal op die skool se webwerf geplaas word (soos dit ontvang word).

### Hokkie

Kontak

Die organiseerder kan per e-pos by hokkie@oos-moot.co.za gekontak word.

Kommunikasie

Ouers hoef slegs by die betrokke ouer groep aan te sluit, die spelers het hul eie groepe. Skakel na WhatsApp-groepe

Oefentye

- Die oefentyd tydens die eksamen word aangepas sodat die spelers direk na die sessies begin oefen.
- Die dogters B-spanne is klaar met hulle liga, maar word aangemoedig om steeds te oefen sodat hulle vaardighede kan verskerp.

Wedstryde en programme

| Datum | Span | | | Plek |
|---|---|---|---|---|
| 7 Junie | Northerns liga | : | Dogters vs Wonderboom | Tuis |
| 11 Junie | Noordvaal | : | Dogters vs Cornwall Hill College | Tuis |
| 16 Junie | Noordvaal<br>Vriendskaplik | :<br>: | Seuns vs Montana A (1ste span)<br>Dogters vs Montana (1ste span) | Sal bevestig word<br>Sal bevestig word |
| Sal bevestig word | Noordvaal | : | Seuns vs Centurion | |

### Oosie-Juniors

Oefeninge

6 en 13 Junie gaan voort soos geskeduleer.

Verdere inligting is op die webblad beskikbaar.

### Rugby

Wedstryde (Program)

Datum : 7 Junie
Teenstander : H/S Ligbron
Spelers vertrek om 04:00, per bus, vanaf die skool.

## KULTUUR

### Kultuur ouerondersteuningsgroep

Die Kultuurkantoor nooi ouers uit om deel te word van ons kultuurouergroep! As jy 'n passie het vir kultuur en graag wil help met projekte soos die herstel van gordyne in die saal of ander kreatiewe inisiatiewe, sluit gerus by ons aan. Jou ondersteuning maak 'n verskil! Teken in via die skakel.

### Feitevrate

Die Feitevrate nooi alle Oosies uit na ons *quiz night* vasvrakompetisie!

Datum : 25 Junie
Tyd : 17:00 tot 19:00
Plek : Personeelkamer
Koste : R50 vir 'n span van 4

Daar is kontantpryse op die spel, so bring jou algemene kennis en kom geniet 'n heerlike aand saam met die Feitevrate span! Daar is ook pryse vir die *Beste Dressed* span.

## FONDINSAMELINGSPROJEKTE

**Beplande fondsinsamelingsprojekte vir 2025**

| Datum | Projek | Ten bate van |
|---|---|---|
| Mei/Junie | *Firelighter*projek | Krieket/E-sport toere |
| Mei/Junie | *Raffle (Playstation 5, X-box Series X, Gaming PC)* | E-sport toer |
| 20 Junie | Kaskar en Warm Hartklop-kuierfees | |

| | | |
|---|---|---|
| 25 Julie | Winterkonsert (Orkes) | Orkes |
| 26 Julie | Gr11-bal | Matriekafskeid 2026 |
| Augustus | *Colour Run* | |
| 12-16 Augustus | Revue | Kultuur |
| 18 September | Knipmes-aand | Sportsentrum |
| 17 Oktober | Lente bal | Kultuur |
| 7 November | Gys Pitzer Gholfdag | Sportfonds |

## E-SPORT *RAFFLE*

Ons bied 'n spesiale trekking aan ter ondersteuning van ons E-sportspan, wat van 9 tot 12 Julie 2025 aan die African Gaming Championships in Kaapstad gaan deelneem. Om fondse vir die toer in te samel, het ons besluit op 'n prettige manier om geld in te samel deur middel van 'n gelukkige trekking.

<u>Kaartjies</u>

Koste : R50 per kaartjie

Plek : Finansies kantoor of deur die *Raffle* webtuiste skakel of die QR-kode.

<u>Prys</u>

Die wenner kan kies tussen 'n *PlayStation 5, Xbox Series X of Gaming PC.*

## FIRELIGHTERS FONDSINSAMELING

Hierdie projek is ten bate van die krieket- en E-sporttoere wat later vanjaar plaasvind.

<u>Bestel en betaal só</u>

- Leerders kan pakke (R20 per pak) aankoop by die finansiële kantoor met kontant of kaart.
- Ouers kan 'n EFT doen na die skool se bankrekening.
- Let asseblief op die spesifieke verwysing soos hieronder aangedui (PR381 leerder Naam+Van - bv. PR381Hnel).

<u>Hoe werk dit?</u>

Tydens die eksamen kan leerders die bestellings tussen 11:00 en 12:00 by T10A (eerste klas langs die Astro) afhaal.

<u>Fantastiese pryse om te wen!</u>

Die leerder wat teen 13 Junie die meeste pakke verkoop het, wen 'n *JBL Partybox Club 120 Portable Bluetooth Party Speaker!*

## KASKAR / WARM HARTKLOP-KUIERFEES

**Kaskar (20 Junie)**

Die kaskar vind (in skooltyd) na afloop van die dag se geskeduleerde eksamen plaas.
Leerders moet asseblief die kaskar borgvorms wat uitgedeel is veilig bewaar.
Indien 'n leerder hul borgvorm misplaas, sal 'n polisieverklaring afgelê en ingehandig moet word.

**Warm Hartklop-kuierfees (20 Junie).**

'n Brief met volledige inligting is op die webwerf beskikbaar.

<u>Toegang</u>

Algemene toegang : R20 per persoon
Parkering : R50 per voertuig
Eie partytjieboks : R100 per standaard koelboks

<u>Kos</u>

Sosaties x 2 en paptert : R70 per persoon
Sop met brood : R40 per persoon
Spesiale *combo* aanbod (sop, brood, sosaties en paptert) : R90 per persoon

Navrae kan gerig word aan me L Bouwer (kultuur@oos-moot.co.za).

## BUITEPRESTASIES

Hoërskool Oos-Moot het nog altyd trots erkenning gegee aan ons leerders se prestasies, beide binne en buite die skool. Om erkenning op 'n meer gestruktureerde manier te gee, het ons 'n paar riglyne opgestel oor watter buiteprestasies ons op ons platforms sal deel. Navrae kan gerig word aan me C Meyer (bemark@oos-moot.co.za).

<u>Skakels</u>

Kliek op die spesifieke blokkie vir die Google vorm.










## KOMPETISIE

**PicknPay Waverley** het hierdie jaar weer hul jarelange aankoopstrokie kompetisie vir skole in die MOOT geloods. Ondersteun ons skool asseblief en plaas u PnP Waverley aankoopstrokie in die houer gemerk OOS-MOOT.

## ADVERTEER IN DIE NUUSBRIEF

Daar is geleentheid om in die skool se nuusbrief te adverteer.

- Die nuusbrief word weekliks elektronies, per e-pos via die skool se d6-sisteem, aan die ouers (2200+), personeel (108) en al ons leerders (1500+) gestuur.
- Die nuusbrief word weekliks op die webwerf geplaas waar dit vir die hele jaar beskikbaar is.

Indien u belangstel volg asseblief hierdie skakel vir die pryse en vorm of kontak me M Senekal (webblad@oos-moot.co.za).










https://wenwetenskap.co.za

